Rietvallei

Kampnuus

# Spookkamp by Onverwags

**28 tot 30 Maart 2025 – Streeksaamtrek**




*So dis waar die spoke uithang…*





*Waar Ollie jou groet en saamnooi kamp toe*



*Na jou rygoed se voete skoon gewas is,*



*is Onverwags se pad sommer baie beter;*



Waar kampgoed uitgepak, uitgerol, bevestig en vasgekap word.

Hier organiseer Wim die sake volgens Margriet se voorkeur.

# Spookkamp

Reeds ‘n paar weke voor die spookkamp begin die afwagting opbou met Pieter se adventkalender. Almal (selfs die wat nie gaan kamp nie) speel en raai saam. Sommige raai vroeg al reg, maar Pieter laat geen spook uit die mou nie.

Teen Vrydagoggend weet almal hulle moet Onverwags toe ry. Die oranje kombi en sy mense wag in afwagting vir die kampers.





Tjaart en Marietjie daag eerste op en wen die beloofde bottel vonkelwyn. Almal is gelukkig genoeg om ‘n olifant te sien oppad kamp toe. 😊 Die kamp-koördineerders word besig gehou met die staanplek aanwysings. Die kampers wat na Sondag nog bly moet op sekere staanplekke staan, want Maandag kom daar weer ‘n ander groep in. Elkeen ontvang ‘n koue koeldrankie by aankoms en vining-vinnig is almal opgeslaan en begin die oor en weer gekuier.



18:00 is boekevat by Pieter Viljoen se kampplek. Spookplaatjies word uitgedeel.



Helena wen 'n bottel wyn omdat sy eerste reggeraai het waar die spookkamp gaan wees.

Annetjie wen ook 'n bottel wyn aangesien sy op die regte adventkalenderdag, al voor dagbreek, aan Pieter haar korrekte raaiskoot gestuur het.

BAIE geluk julle twee!!







Daarna word daar heerlik gesmul aan die lamsbredie en rys. Almal eet genoeg en sommiges eet te veel 😊, maar dit was voorwaar heerlik!!





Saterdag oggend kom 'n klomp kampers bymekaar en gaan stap in die veld.
Daar word 'n paar bokke en kameelperde gewaar.

Saterdag oggend 10:00 word 'n Wit olifant tafel in die straat gehou. Ook van die ander kampers kom ondersteun ons en 'n asemrowende R2140 word ingesamel. BAIE, BAIE dankie aan elkeen se skenkings, hulp, bydraes en ondersteuning. Rietvalleiers julle is die beste!











Deur die dag word daar 'putt-putt' gespeel, want daar is weereens 'n heerlike bottel wyn op die spel. Nie jou gewone 'putt-putt' baan nie, maar meeste kampers neem deel in die pret.



*Helena en Gideon*



*Gideon in spel*



*Nellie en Chris*





Oom Fanie loop weg met die bottel wyn met die beste telling en Hennie wen met die meeste houe 😊

Die aand word daar tussens die waens saam gebraai.  Almal bring hulle ster bykosse. BAIE dankie dat almal so lekker deelgeneem het: 14 Disse word uitgepak.  Dis SOO lekker en BAIE moeilik om slegs een dis te kies.
Na die braai word daar nog gekuier voor almal gaan slaap.



*Pieter en Tinus bespreek sake van die dag.*



*Tersia en Sarie in 'n lekker kuier-gesels*



*En iemand moet die vleis braai…*

*Sieg, Gideon en Hennie doen die nodige.*



*Enkele van die ster-disse wat "ingeskryf" is.*



*Meer as genoeg om van te kies.*

*Annatjie, Fanie en Alida oorweeg die opsies…*

Sondag hou ons boekevat in die saal en Magdaleen praat oor vertroue in God. Daar word gestem deur die kampers vir die wen dis. Gelukkig is Pieter genadig genoeg om elkeen 2 stemme te gee. Marlene wen met haar patat-dis. Daar word beloof om die beste 3 resepte in die volgende Rietstok te plaas, so hou dit gerus dop! Dan word daar gekuier onder die bome met die gebruiklike koek en tee.

Almal ry veilig huis toe behalwe die gelukkiges wat nog kan bly by Onverwags vir 'n paar nagte.



*Baie dankie aan die fantastiese Spookkampkoördineerders, Magdaleen en Pieter Viljoen*



*Fanie en Alida het hulle 140 Streekplaatjie ontvang. Veels geluk!*



*Pieter aan die woord, tydens die afsluiting.*



*Soet en Sout ten einde.*



*Die seniorstomp: vir die kraansteler!*




*Advertensie*



Skakel **Dalena Marx**
vir
**Bioway goggagif**
**en**
**30 mikron swartsakke**
by
**082-415-0976**

| **Bioway:** | **Swartsakke:** | **Skoonmaakmiddels:** |
|---|---|---|
| 1l, 2l en 5l | 50 of 100 sakke | 2l, 5l en 25l |

*Advertensie*




*'n Spook vertrek.*

*Die spookkamp is afgehandel en sy skouers baie moeg…*

*Dis swaar werk dié!*

